Vaktaalrubriek

Woordeboek vir meganiese ingenieurs

Die komitee wat in samewerking met die Vakterminologiediens van die Departement van Nasionale Opvoeding 'n Engels-Afrikaanse Woordeboek vir meganiese ingenieurs saamstel, kom periodiek voor probleme te staan, soos byvoorbeeld twyfel of vir sekere terme 'n taalkundig en wetenskaplik korrekte vertaling ook algemeen aanvaarbaar is, want die "vloertaal" is nou maar dinamies en nie altyd logies nie. Verder is daar ook gevalle waar een Engelse term vir verskeie begrippe gebruik word waarvoor in Afrikaans afsonderlike terme bestaan. Die volgende voorbeelde word genoem: "krities" of "kritiek"; "altitude" of "hoogte bo seespieël"; persoonsname in vakterme; "girder" vertaal as "lêer".

"Krities" of "kritiek"

Die Engelse woord "critical" het twee Afrikaanse vertalings, naamlik "kritiek" en "krities". Party mense beskou hulle as sinonieme, maar party mense meen dat die volgende verskil gemaak moet word: "kritiek" (as byvoeglike naamwoord) beskryf 'n gevaarlike toestand of oomblik, terwyl "krities" gebruik moet word vir erkende vakterme wat 'n "kriterium (kenmerk)" vir 'n toestandsverandering beskryf.

Kritiese temperatuur, kritiese druk en kritiese digtheid beskryf byvoorbeeld die "kritiese toestand" van gasse waar oorgang na die vloeistoftoestand plaasvind. Kritiese spanning, vervorming of vervormingsenergie is terme wat die oorgang van 'n oorwegend elastiese na 'n oorwegend plastiese toestand of na-breuk beskryf. Ook in die metaalkunde kom kritiese punte in toestandsdiagramme voor.

Die "kritieke" druk by 'n damwal is egter gevaarlik en die toestand van 'n pasiënt kan kritiek wees. As 'n kernreaktor egter krities raak, is dit nie gevaarlik nie, maar die oorgang na 'n werkende toestand. Twee verdere begrippe in die lugvaart wat problematies is kan genoem word, naamlik "kritieke altitude" en "kritieke invalshoek (staakinvalshoek)".

"Altitude" of "hoogte bo seespieël"

As 'n vlieënier van "altitude" praat, bedoel hy "hoogte bo seespieël". Dit is egter "vloertaal", want as hy (sien bo) op 'n "kritieke altitude" verkeer, dan bedoel hy seker nie die hoogte bo seespieël nie, maar dié bo grond. Dus word voorgestel om "altitude" nie as sinoniem met "hoogte bo seespieël" te aanvaar nie, maar as sinoniem met "hoogte", wat ook met die Latynse oorsprong van die woord ooreenstem. Dus kan daar ook die term "altitude bo seespieël" bestaan.

Persoonsname in vakterme

In die meganika word dikwels persoonsname aan vakterme gekoppel, veral in die modelmeganika, waar die Reynoldsgetal, Nusseltgetal, Froudegetal en vele andere bekend is. Ook is dit die gewoonte om sekere vergelykings of konstantes aan die naam van die persoon wat dit ontwikkel het, te koppel, soos Laplacevergelyking, Hooke se Wet of Poissonkonstante.

In die woordeboek sal net die bekendste as voorbeelde opgeneem word, soos "Reynolds number" as "Reynoldsgetal", "Poisson's ratio" as "Poissonkonstante" en "Laplace operator" as "Laplaceoperator". Verder sal terme opgeneem word wat wel in Engels, maar nie in Afrikaans nie, aan persoonsname gekoppel is, soos "Young's modulus" as "elastisiteitsmodulus".

"Girder" vertaal as "lêer"

Party bestaande woordeboeke vertaal die Engelse "girder", wat 'n vakterm in staalkonstruksie is, met "lêer". Die korrekte vertaling vir "girder" is "draer" (Duits: "Träger") of "balk" en behoort dus ook in die praktyk gebruik te word. Daar dien ook op gelet te word dat elke draer 'n balk is, maar nie elke balk 'n draer nie.

Die vaktaalrubriek van hierdie tydskrif bied 'n uitstekende geleentheid om hierdie en ander vertalingsprobleme vir bespreking deur 'n wyer kring oop te stel. Belangstellendes word uitgenooi om hulle kommentaar te rig aan die Nasionale Vakterminologiediens, Privaatsak X122, Pretoria 0001.

H.G. Denkhaus